

Graan SA Oggend Markkommentaar

| DATUM 2021/12/01 | DATUM 2021/11/30 | | | | + LAST WEEK 2021/11/22 | | BY DIE GELD PUT OPSIE VIR JUL 2022 | | | | |
|--|---------------------|---------|--------|------------|---------------------------|----------|--|------------|------------|------------|--|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | WM | YM | | | |
| DJIA-index | 34484 | -651,28 | -1.85% | 35135 | -3.1% | 35602 | Jul '22 FUTURES PRICE | R 3 318,00 | R 3 500,00 | | |
| Goud (Spot) | 1780,05 | -8,83 | -0,5% | 1788,88 | -3,5% | 1845,34 | Put STRIKE PRICE | R 3 320,00 | R 3 500,00 | | |
| Brent \$/vat | 71,79 | -1,65 | -2,2% | 73,44 | -9,0% | 78,90 | Put PREMIUM | R 246,25 | R 237,77 | | |
| 1 € / US\$ | 1,1332 | 0,003 | 0,28% | 1,1300 | 0,3% | 1,1300 | MINIMUM SAFEX PRYS | | | | |
| 1 US\$ / ZAR | 15,81 | -0,31 | -1,9% | 16,12 | 0,4% | 15,74 | | 3 073,75 | 3 262,23 | | |
| Corn | R 3 529,04 | -158 | -4,3% | R 3 687,09 | | | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | | | | |
| Wheat | R 4 493,98 | -288 | -6,0% | R 4 782,30 | | | *CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | | | | |
| Soybeans | R 7 070,93 | -282 | -3,8% | R 7 352,92 | | | *CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | WEEK NR. | | | | |
| Corn Dec 21 | 567,00 | -14,00 | -2,4% | 581,00 | | | MIELIE UITVOERE | | | | |
| Wheat Dec 21 | 773,60 | -33,80 | -4,2% | 807,40 | | | WM | YM | TM | | |
| Soybeans Jan 22 | 1217,20 | -24,20 | -1,9% | 1241,40 | | | WEEK TOTAAL | 13 859 | 28 739 | 42 598 | |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | | | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | | | |
| WMAZ Spot | 3360,00 | -57,00 | -1,7% | 3417,00 | | | JTD TOTAAL | 295 804 | 1 870 794 | 2 166 598 | |
| WMAZ Mrt 22 | 3391,00 | -57,00 | -1,7% | 3448,00 | | | UITVOERBAAR | 600 000 | 2 500 000 | 3 100 000 | |
| WMAZ Jul 22 | 3318,00 | -64,00 | -1,9% | 3382,00 | | | JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 49% | 75% | 70% | |
| YMAZ Spot | 3630,00 | -44,00 | -1,2% | 3674,00 | 6000,00 | 3650,00 | TEMPO/WEEK BENODIG | 13 226 | 27 357 | 40 583 | |
| YMAZ Mrt 22 | 3650,00 | -55,00 | -1,5% | 3705,00 | 6000,00 | 3650,00 | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | | | |
| YMAZ Jul 22 | 3500,00 | -62,00 | -1,7% | 3562,00 | 6000,00 | 3700,00 | WEEK TOTAAL | 7 397 | 8 903 | 16 300 | |
| SOY spot | 7497,00 | -31,00 | -0,4% | 7528,00 | 10950,00 | 7700,00 | JTD TOTAAL | 7 768 099 | 6 522 144 | 14 290 243 | |
| SOY Mar '22 | 7511,00 | -22,00 | -0,3% | 7533,00 | 10600,00 | 7500,00 | NOK SKATTING - REGSTELLINGS | 8 368 815 | 7 162 450 | 15 531 265 | |
| SOY May 22 | 7390,00 | -62,00 | -0,8% | 7452,00 | 10600,00 | 7500,00 | % GELEWER VAN OES | 93% | 91% | 92% | |
| SUN Spot | 11232,00 | -81,00 | -0,7% | 11313,00 | 13200,00 | 10700,00 | WEEK 8 KORING INVOERE | | | | |
| SUN May 22 | 9397,00 | -158,00 | -1,7% | 9555,00 | 13200,00 | 10700,00 | 2021/22 | 2020/21 | 5 Jr. GEM | | |
| WHEAT Spot | 6120,00 | -163,00 | -2,6% | 6283,00 | 8000,00 | 5400,00 | WEEK TOTAAL | 39 058 | 108 807 | 37 063 | |
| WHEAT Mrt 22 | 6244,00 | -166,00 | -2,5% | 6410,00 | 8000,00 | 5450,00 | JTD TOTAAL | 337 556 | 894 488 | 749 785 | |
| WHEAT May 22 | 6283,00 | -167,00 | -2,5% | 6450,00 | 8000,00 | 5450,00 | TOTAAL BENODIG | 1 525 000 | 1 474 921 | 1 768 584 | |
| NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VEERSE MARKVERSLAE | | | | | | | JTD AS % VAN BENODIG | 22% | 61% | 42% | |

Markroersig: Finansiële markte het Dinsdag skerp gedaal nadat die hoof van die dwelmvervaardiger Moderna aangedui het dat die bestaande Covid-19-entstowwe moontlik minder doeltreffend sal wees teen die Omicron-variant. Die JSE het vroeg in gister se sessie swakker verhandel weens beleggers wat die potensiele uitwerking van die Covid-19 Omicron-variant op die wêrelddeurloosheid analiseer. Die JSE kon egter teen sluitingstyd in die groen geëindig het. Die JSE se indeks van alle aandele het gister met 0.67% hoër verhandel. Die Hulpbronne-10 indeks het met 2.55% geklim, die Industriële-25 indeks het met 0.83% gedaal, die Finansiële-15 indeks het met 0.98% in die groen gesluit. Die Rand het gister se FOREX sessie geopen teen \$16.13/£, R21.48/£, R18.21/€ en het teen 19:00 Suid-Afrikaanse tyd verhandel teen R15.99/\$, R21.20/£ en R18.05/€. Statistiek Suid-Afrika (STATS SA) het gister die land se kwartaalke arbeidsmagopname (QFLS) vir die derde kwartaal van 2021 gepubliseer en toon aan hoe voortgesette Covid-inperkings, beurtkrag en geweldadige betogings in Juliemaand werksgeleenthede in die land beïnvloed het. Die werkloosheidskoers het met 0.5% toegeneem vanaf 34.4% in die tweede kwartaal van 2021 tot 34.9% in die derde kwartaal wat die hoogste is sedert die begin van die QFLS in 2008. Statistiek Kanada het gister die land se Bruto Binnelandse Produk (BBP) gegewens bekend gemaak en toon aan dat die land se BBP in die derde kwartaal van 2021 met 1.3% toegeneem het op 'n kwartaalke basis. Op 'n jaargrondslag het Kanada se BBP met 3.97% geklim in die derde kwartaal van 2021. Brent ru-olie het gister se sessie geopen teen \$74.91/vat en het teen 19:00 Suid-Afrikaanse tyd verhandel teen \$69.88/vat. West Texas Intermediêre ru-olie het gister se sessie geopen teen \$71.44/vat en het teen 19:00 Suid-Afrikaanse tyd verhandel teen \$66.57/vat. Die Amerikaanse Petroleum Instituut (API) het gister Amerika se ru-olievoorradede bekend gemaak en toon aan dat ru-olievoorradede verlede week met 0.747 miljoen vate gedaal het teenoor ontleders se verwagte afname van 1.667 miljoen vate. Die Energie Inligting Administrasie (EIA) sal vandag Amerika se amptelike ru-olievoorradede bekend maak. Amerikaanse markte het gister in die rooi verhandel. Die Nasdaq saamgestelde indeks het met 1.55% gedaal, die S&P500 indeks het met 1.9% gedaal en die Dow Jones Industriële indeks het met 1.86% gedaal.

Mielies: Amerikaanse mieliepryse het gister verliese van ongeveer 2.25% getoon weens swak prysmomentum wat van 'n wye reeks ander kommoditeite oorgespoel het. Die Europese kommissie het onlangs gerapporteer dat die EU se mielie-invoere vir die 2021/22 bemarkingsjaar 5 169 172 ton bereik het tot en met 28 November, wat 'n jaar-tot-jaar toename is van 11.2%. Handelaars gaan voort om frustrasies uit te spreek dat data wat uit Mielieuitvoere in November 2 893 212 ton sal beloop wat 'n afname is van 3.6% vanaf die groep se vorige voorspelling 'n week gelede. **Plaaslik:** Die plaaslike mielie mark het gister swakker verhandel. Die Desember witmielie termynkontrak het met 1.7% (R57/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3360/ton. Die Desember geelmielie termynkontrak het met 1.2% (R44/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3630/ton. Die Maart 2022 witmielie termynkontrak het met 1.7% (R57/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3391/ton. Die Maart 2022 geelmielie termynkontrak het met 1.5% (R55/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3650/ton. Die Mei 2022 witmielie termynkontrak het met 1.3% (R45/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3324/ton. Die Mei 2022 geelmielie termynkontrak het met 1.4% (R50/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3510/ton. Die Julie 2022 witmielie termynkontrak het met 1.9% (R64/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3318/ton. Die Julie 2022 geelmielie termynkontrak het met 1.7% (R62/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3500/ton.

Sojabone: Amerikaanse sojaboonpryse het gister byna met 1.75% laer beweeg na 'n rondte tegniese verkope aangespoor deur swak prysmomentum. Soja-oliete termynkontrakte is selfs harder getref en het verliese van ongeveer 5% getoon. Private uitvoerders het aan die USDA die verkope van 133355 ton gerapporteer vir aflewering aan onbekende bestemmings gedurende die 2021/22 bemarkingsjaar. Brasilië se Anec verwag dat die land se sojaboon-uitvoere in November 2 286 087 ton sal bereik. Dit is ver onder die groep se voorspelling van 2 599 063 ton wat gemaak is 'n week gelede. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister swakker verhandel. Die Desember sojaboon termynkontrak met 0.4% (R31/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7497/ton. Die Maart 2022 sojaboon termynkontrak het met 0.3% (R22/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7511/ton. Die Mei 2022 sojaboon termynkontrak het met 0.8% (R62/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7390/ton. Die Julie 2022 sojaboon termynkontrak het met 0.8% (R61/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7473/ton.

Koring: Amerikaanse koringpryse het aansienlike verliese bereik met die meerderheid koring termynkontrakte wat tussen 3% en 4% in die rooi gesluit het. Oorsese markte het ook gister aansienlike besnoeiings beleef. Parys-koring termynkontrakte het 4% laer getuimel namate kommer oor die Omicron-variant die deur oopgemaak het vir tegniese verkope en winsneming. Die Europese Unie se sagte koring-uitvoere gedurende die 2021/22 bemarkingsjaar het 11 620 944 ton bereik tot en met 28 November, wat 'n jaar-tot-jaar toename is van 11.2%. Handelaars gaan voort om frustrasies uit te spreek dat data wat uit Frankryk kom, onvolledig is. Egipte het 598 737 ton koring van Rusland, Roemenië en die Oekraïne gekoop in 'n internasionale tender wat gister gesluit het. Die graan is vir verskeping tussen 9-20 Januarie. **Plaaslik:** Die plaaslike koring mark het gister aansienlik swakker verhandel. Die Desember koring termynkontrak het met 2.6% (R163/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R6120/ton. Die Maart 2022 koring termynkontrak het met 2.6% (R166/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R6244/ton. Die Mei 2022 koring termynkontrak het met 2.6% (R167/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R6283/ton. Die Julie 2022 koring termynkontrak het met 2.5% (R162/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R6308/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.com

Opgestel deur Markus Monteiro/ Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Danke aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek



Graan SA Oggend Markkommentaar